# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (42/13)

*Justin Chadwick (24 Oktober 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "The truth will set you free" Jesus Christ***

## GOEIE NUUS - CBS

Uiteindelik 'n bietjie goeie nuus vir die wêreld se sitrusbedryf – die wêreld se voorste leiers op Sitrusswartvlek het tot die gevolgtrekking gekom dat die siekte nie in die Europese Unie (EU) kan vestig nie ["*CBS het 'n wye verspreiding, maar is slegs bekend om in somer reënval sitrusproduserende areas en nêrens anders in die wêreld in areas met 'n Mediterreense klimaat voor te kom nie"*], en dat handel in sitrusvrugte nie die siekte kan versprei nie ["*Daar is nog nooit aangeteken dat CBS ooit na nuwe areas met vrugte (sonder blare) versprei het nie asook verantwoordelik was vir die binnekoms, vestiging en verspreiding van CBS nie"]* Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die sitrusbedryf dat so 'n gerespekteerde groep van wetenskaplikes saam gewerk het om die risiko van die vestiging en verspreiding van 'n plaag of siekte wat met sitrus geassosieer is, te bepaal. Wetenskaplikes van Brasilië, Argentinië, VSA, Uruguay, Australië en Suid-Afrika het saamgewerk en hul uitgebreide kundigheid oor 'n siekte gedeel.

Die WHO vereis dat voor 'n fitosanitêre maatreël ingestel word, 'n pes risiko bepaling (PRA) uitgevoer moet word. As net hierdie CBS PRA gedoen is toe die EU hul huidige CBS maatreëls (in 1992) ingestel het – sou sulke maatreëls nie ingestel gewees het nie, miljoene rande sou in behandelingskostes gespaar gewees het, ontwrigting in handel sou minder wees en dit sou ander risikobestuursisteme se uitgawes verminder het.

Wanneer iemand siek voel gaan hul gewoonlik na die plaaslike dokter. As die dokter onseker is, word die persoon gewoonlik na die spesialis verwys. EFSA is soos die plaaslike dokter – hul kry gewoonlik te doen met 'n groot verskeidenheid van verskillende landbouprodukte wat met plae en siektes geassosieer word. Daar is geen manier dat hul spesialiste op alle gebiede kan wees nie. EFSA het met reg hul konsep-PRA na internasionale kommentaar verwys, wetende dat hul kundigheid beperk is, [*Waar EFSA (2013) hoë vlakke van onsekerheid aan hul bepalings gekoppel het, het die Paneel met gesamentlike ondervinding (768 jaar), met 545 jaar spesifiek vir CBS, vir ons hoë vlakke van vertroue aan ons bepalings gekoppel]*. EFSA kon spesialiste ingeroep het ( teen geen addisionele koste). Hierdie spesialiste het foute en leemtes in die EFSA konsep PRA geïdentifiseer – wat 'n ware volledige PRA moontlik gemaak het. Dit gaan nie nou oor CBS nie (kundiges met 768 jaar van sitrusnavorsing laat min twyfel oor die feit dat CBS nie in die EU sal vestig nie, dit gaan oor die wetenskaplike geloofwaardigheid/integriteit van EFSA [*Die EFSA (2013) analitiese metode is uitsluitlik kwalitatief en sluit belangrike kwantitatiewe navorsing en biologiese gebeure uit wat dit fundamentaal gebrekkig maak].*

Die gevolgtrekking van die CBS kundiges IS goeie nuus vir elkeen wat betrokke is (behalwe miskien vir die chemiese maatskappye wat CBS chemiese produkte verkoop);

- Dit is GOEIE nuus vir EU sitrusprodusente. Hul weet dat hul nooit vir CBS chemiese beheerprodukte hoef aansoek te doen nie… OOIT.
- Dit is goeie nuus vir EU se verbruikers wat verseker is van genoegsame voorsiening van sitrus van die suidelike halfrond – teen redelike pryse. Enige ontwrigting van handel wat sal lei tot tekorte sou die pryse op gejaag het.
- Dit is goeie nuus vir die EU se verskaffers – die rakspasie van sitrus kan nou regdeur die jaar behou word en verbruikers sal nie gedwing word om na alternatiewe vars vrugte te soek nie (met die gevaar dat hul 'n voorliefde vir hierdie ander produkte mag ontwikkel en nie omskakel na sitrus van die noordelike halfrond nie).
- Dit is goeie nuus vir suidelike halfrond se verskaffers van sitrus – dryf die onsekerheid uit wat uitvoere na Europa sedert 1992 geteister het.
- Dit is goeie nuus vir die EU se sitrusinvoerders wat nou bestellings met sekerheid kan plaas.
- Dit is goeie nuus vir verskaffers van die suidelike halfrond wat op onnodige kostes kan spaar. Die kostes van CBS boordbestuur sal verminder omdat CBS beheer sal word as 'n gehalte-probleem eerder as 'n fitosanitêre probleem.
- Dit is goeie nuus vir owerhede – in Suid-Afrika sal inspekteurs nie nodig hê om CBS inspeksies uit te voer nie (boord, Pakhuis en hawens), terwyl vir EU lidlande se plantgesondheidsowerhede nie langer nodig sal wees om vir CBS te inspekteer nie.
- Dit sal goeie nuus vir die omgewing wees – verminderde toediening van plantgesondheidsprodukte in die boorde.

[Inligting is verkry van die internasionale paneel se opsomming – vir volledige verslag sien www.citrusres.com *>>>Market Access>>> CBS Expert Panel comments EFSA PRA CBS 2013: as jy belang het lees die verslag]*

## MOENIE VAN DIE CMF SE VERGADERING WAT VIR 1 NOVEMBER GESKEDULEER IS, VERGEET NIE

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 42 miljoen 15 kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 15.5 m | 13 m | 17.9 m | 13 m | 17.6 m | 15 m | 17.9 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 6.9 m | 7.6 m | 8.4 m | 7.6 m | 8.4 m | 8.2 m | 8.4 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 10.7 m | 10.5 m | 10.5 m | 10.5 m | 10.5 m | 11.1 m | 10.5 m | 10.5 m |
| Nawels | 21.2 m | 24.6 m | 25.4 m | 24.6 m | 25.4 m | 24.9 m | 25.4 m | 24.6 m |
| Valencias | 41.2 m | 46.8 m | 50.6 m | 46.3 m | 47.8 m | 47.7 m | 50.6 m | 47.2 m |
| Totaal | 95.5 m | 102.5 m | 112.8 m | 102 m | 109.7 m | 106.8 m | 112.8 m | 103 m |

Swaziland en Zimbabwe gepak – Pomelo's 1 miljoen kartonne; Valencias gepak 2.9 miljoen kartonne. *skatting

**DIE MAATSKAPPYE VAN SUIDER AFRIKA SE SITRUS PRODUSENTE, CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC EN CITRUS ACADEMY VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE BEDRYF**